

Donderdag 15 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 13:11-18

Fokusgedeelte: Openbaring 13:11-18

Die aanslag duur voort totdat Jesus Christus kom

Die opstand teen God Drie-enig en die vervolging van sy kerk deur die Sataniese drie duur meedoënloos voort wanneer die dier uit die aarde, die valse profeet, sy verskyning maak. Eers was dit Satan self wat Hom teen God die Vader verhef (Op. 12:2, 9), toe die dier uit die see, die antichris, wat teen Christus die mensdom na hom toe verlei (Op. 13:1-10).

Dan verskyn die valse profeet, die derde van die Sataniese drie. Hy kom baie onskuldig voor. Hy lyk soos 'n lam, maar hy het soos 'n draak gepraat. Dit dui daarop dat hy in diens van die antichris is en die Heilige Gees teenstaan. Die Heilige Gees lei mense na Christus toe, terwyl die valse profeet mense met allerhande tekens en wonders verlei om die antichris te volg. Hy ontvang selfs die mag om almal dood te maak wat nie die beeld van die antichris aanbid nie (vs 15).

Om die dier se beeld te aanbid en sy merk op jou regterhand en op jou voorkop te dra (vs 16), het te doen met hoe jy dink en leef. As jy dink en leef soos die valse profeet jou leer, is jy met jou denke (voorkop) en jou dade (hande) voluit in sy diens. Dan simpatiseer jy met misdadigers en met hulle wat die Woord van God minag en die Heilige Gees teenstaan. Dan dien jy die valse profeet, deur wie se invloed alle valse godsdienste en sieninge verkondig word.

Ons troos is dat die Sataniese drie se invloed op die aarde beperk is. Die getal 666 (vs 18) dui op die onvolkomenheid en die onmag van enige aardse mag om enigiets teen die allerhoogste majesteit van die Drie-enige God te kan vermag. Daarom, glo in Jesus Christus en dien Hom. Hy is dié Verlosser, Hy het oorwin, Hy regeer en Hy kom.

Sing: Skrifberyming 24 (1-1):7

Ds. JB du Plessis (Jan) (emeritus)